

# Voorwoord



Ons glo dat daar fundamentele beginsels is wat alle gelowiges, in besonder nuwe gelowiges, behoort te verstaan. So dikwels word Bybelse **kennis** aan nuwe gelowiges aangebied in plaas van Bybelse **beginsels**, om in hulle lewens toe te pas. **Persoonlike instruksie** deur 'n dissipelmaker sal hulle help om vinniger geestelik volwasse te word, asook om hulle te leer om in afhanklikheid van die Here te wandel. 'n Handleiding vir 'n motorkar of rekenaar mag moontlik gespesifiseerde besonderhede en beskrywings bevat, maar die meeste mense sal meer voordeel daaruit trek om persoonlik deur 'n mentor onderrig te ontvang om 'n motor te bestuur of om met 'n rekenaar te werk.

Ons glo dat dit God behaag wanneer ons die gesindheid het van 'n dissipel ('n vakleerling). Dit beteken om meer daarvoor besorgd te wees dat God ons 'n nuttige, bruikbare instrument in hierdie lewe maak, as om ons eie opinies te vorm en te verdedig. Ons behoort daarvoor ontvanklik te wees dat Hy enige opinies wat ons mag hê, kan verander. Ons moedig elkeen wat 'n *Werktuig vir Persoonlike Dissipelskap* lees, aan om die haalbaarheid van hierdie konsepte met 'n oop gemoed, gebed en met die leiding van die Heilige Gees te oorweeg, en ons terugvoer te gee wat ons sal help om Bybelse waarhede duidelik en akkuraat aan te bied. Ons passie om gelowiges te help om geestelik tot volwassenheid en vrugbaarheid te groei, is nou verweef met ons begeerte om getrou aan die Skrif te bly.

Ons glo ook dat daar sommige skadelike **wanbegrippe** in die Christelike gemeenskap aanwesig is. Hierdie wanbegrippe word aanvaar as Skriftuurlik, hoofsaaklik omdat slegs 'n enkele siening van 'n Bybelse beginsel aangebied word. Die weglating van enige Bybelse gedeelte (byvoorbeeld die beloning seremonie van Christus) kan maklik die begrip oordra dat dit nie belangrik is nie. Verskeie wanbegrippe het ongesonde Christene tot gevolg gehad wat nie tot volwassenheid in Christus gegroei het en nie **dissipelmakers** geword het nie. God het juis voorsiening hiervoor gemaak.

Ons begeerte is om elke nuwe gelowige (en enige geestelike honger ouer gelowige) 'n duidelike **oorsig** van die Christelike lewe te gee, asook 'n basiese

insig van God se **mikpunte**. Ons glo dat die gebrek aan **aanvanklike** duidelike verduidelikings aan die nuwe gelowige van hoofsaaklike Bybelse konsepte en doelwitte vroeg in hulle Christelike lewenswandel, een van die hooforsake is van die gebrek aan geestelike lewenskragtigheid in die Christengemeenskap. Indien hierdie beginsels vroegtydig aangeleer word, sal nuwe gelowiges van onnodige frustrasie gespaar word terwyl hulle poog om te verstaan wat God in en deur hulle lewens wil doen.

Die **eerste paar maande** is belangrik vir die meeste nuwe gelowiges. Hierdie is die ideale tyd om voordeel te trek uit die aanvanklike **ingesteldheid om te leer** van die normale nuwe gelowige. Dikwels word nuwe gelowiges eenvoudig in die midde van Bybelse waarhede geplaas en daar word verwag dat hulle dit op een of ander manier moet **inneem**. Gedurende die vormingstyd van hulle Christelike wandel, is nuwe gelowiges geneig om die sieninge en waardesisteme van die gelowiges om hulle, aan te neem. Dit is dus nie verbasend nie dat baie nuwe gelowiges tot die gevolgtrekking kom dat die Sondagdienste die belangrikste geestelike ervaring van die week is, in plaas daarvan om 'n deurlopende dag-na-dag geestelike wandel met God te ontwikkel.

### **Waarskuwing:**

Moet asseblief nie hierdie lesse aan enigeen gee sonder behoorlike verduideliking nie. Ons neem gewoonlik aan dat andere meer verstaan as wat hulle wel verstaan. Die ure en energie wat die dissipelmaker bestee sal die moeite werd wees indien die dissipel die konsepte soos hier aangebied, aangryp en toepas.

- Art Barkley

